e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

5 Junie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 17

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Bybel wat met jou hart praat

Die maritieme gemeenskap vier tradisioneel gedurende hierdie tyd van die jaar *Sea Sunday*. Alhoewel dit gewoonlik middel-Julie plaasvind, is daar reeds vanaf Sondag 8 Junie herdenkingsdienste.

Kerkgenootskappe oor die wêreld heen gebruik die dag om onder andere voorbidding vir seemanne en hul gesinne te doen. Deel van die eredienste is ook om reeds gevalle seemanne se nagedagtenis te herdenk.

Alhoewel seevaart vir die deursneelidmaat bloot 'n verafaktiwiteit is, raak dit elkeen van ons persoonlik. Die meeste goedere wat ingevoer word, word per skip vervoer. So is die kans groot dat die bande aan jou motor, die klere wat jy nou aanhet en van die kos in jou koskas deur een van ongeveer 1,5 miljoen seemanne se hande gegaan het.

Hierdie mense het dikwels nood. Die akute gevaar van seerowery en gepaardgaande gyselaarsdramas plaas die seemanne onder groot druk. Goedkoop arbeid word gebruik en van die seemanne is soms tot drie jaar van die huis af. 'n Krisis by die huis kan nie sommerso per vliegtuig vir 'n heen-en-weertjie opgelos word nie.

Dikwels beland seemanne van verskillende nasies en gelowe saam op een skip. Voeg byvoorbeeld 'n Koreaan, Japannees en Filippyn saam: Hulle verstaan mekaar se taal en kultuur nie, hulle kan nie kommunikeer nie. Die gevolg is dat hul lewens 'n pendulum word van werk-slaap-werk. Dit lei tot totale vereensaming van die seeman en onttrekking tot sy kajuit.

Dit is hier waar die Christelike Seemansorganisasie (CSO) probeer om 'n verskil te maak. Die CSO is hierdie jaar al 70 jaar lank besig met sendingwerk onder die seemanne. Daardie vereensaamde pendulumbestaan skep ruimte vir die ontvanklikheid vir die Here se Woord. Die CSO is bevoorreg omdat die sendingopdrag in Matteus 28: 19 omgekeerd waar word. In plaas daarvan om gestuurdes te wees, kom die wêreld na die hawens van Suid-Afrika.

Die CSO bedien die Woord van die Here aan seemanne op die skepe. Gedurende 2013 is oor die 9 900 gesprekke met seemanne aangeknoop. Aan die seemanne is 17 000 stukke literatuur (so ver moontlik in hul moedertaal) gratis gegee. Dit sluit in Bybels, Nuwe Testamente, DVD's en ander geestelike lektuur. Die reikwydte van die ingreep in die seeman se lewe is dikwels baie wyer as die skip self. Die Boodskap gaan saam huis toe – waar dit ook daar 'n verskil kan maak.

'n Russiese kaptein kom agter dat een van die CSO se evangeliebedienaars oor Russiese Bybels beskik. Hy vra dadelik of hy een van die Bybels kan kry. Hy het wel reeds 'n Engelse Bybel, maar wil baie graag sy eie Russiese een hê. Op die vraag van die evangeliebedienaar waarom hy 'n Bybel in sy moedertaal wil hê, was die antwoord: *Die Engelse Bybel praat met my verstand, maar die Russiese Bybel praat met my hart*.

Die CSO wil met elkeen se hart praat. Ook elkeen wie se daaglikse kommoditeite iewers deur 'n seeman se hande gegaan het. Die hart van die gewer en die hart van die ontvanger.

Dink gerus aan die seemanne en seevaart tydens 'n erediens in die afsienbare toekoms. Seevaart is nie 'n verafaktiwiteit nie. Dit vat aan jou lyf.

Besoek gerus ook ons webwerf **www.cso.co.za**. As interkerklike organisasie is die CSO dankbaar om 'n vennoot van die NHKA te wees.

Dr Wimpie van Schoor
Nasionale Voorsitter: CSO

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.

Beroep ontvang

- **Prop SH (Fanie) Willers** (beroepafwagtend) na Grootvlei (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Prop QJ (Quinten) Schimper** (beroepafwagtend) na die Piet Potgieter/Roedtan-kombinasie (deeltyds)
- **Prop SH (Fanie) Willers** (beroepafwagtend) na Grootvlei (deeltyds)

Prop Fanie Willers



Prop Quinten Schimper

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Danie Taljard** van Gemeente Sionshoogte **se vader** is Maandag 2 Junie aan ’n hartaanval oorlede. Die begrafnis vind op 12 Junie om 10:00 plaas vanuit die NG Kerk Hazyview. Ons innige simpatie gaan aan ds Taljard en hul familie.
- Ds Hennie Nel van Gemeente Potgietersrus se skoonvader, **Gerrie van der Westhuizen**, is Maandag 2 Junie oorlede aan kanker. Mnr Van der Westhuizen was sy lewe lank ’n direkteur van Perskor en die laaste 14 jaar afgetree in Naboomspruit. Ons innige simpatie gaan aan mev Zelde Nel en hul familie.



Mnr Leon de Munnik

- **Mnr Leon de Munnik** van Gemeente Rietvallei, lid van die direksie van Ons Tuis en vir ongeveer tien jaar tot vroeg in 1997 administrateur van die Hervormde Kerk, ondervind tans groot uitdagings met sy gesondheid. Hy het ook reeds ’n afspraak met ’n chirurg gemaak met die oog op ’n breukoperasie. Ons bid hom krag en beterskap toe.
- **Mev Lizel Alberts**, vrou van ds Nick Alberts van Gemeente Wonderfontein, is in die Little Company of Mary Hospitaal opgeneem met geweldige hoofpyne. Sy ondergaan tans mediese toetse. Ons bid haar spoedige en algehele herstel toe.
- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor **Drie-eenheidsondag (15 Junie):** “Aan die einde van die Paaskring is dit nodig om die evangelie in sy totaliteit te bedink, te betuig en te besing. Dít is die veronderstelling van Sondag Trinitatis. As kerk glo ons in die evangelie van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie denk-waardige misterie is die hart van die kerklike verkondiging en die raamwerk van ons lofbetuiging. Om in die Naam van die drie-enige God gedoop te wees, is die grootste geskenk denkbaar. Om die seën van hierdie God aan die einde van ’n erediens te ontvang, gee troos en hoop in ’n onsimpatieke wêreld. Op hierdie Sondag kan die Geloofsbelydenis van Athanasius deels (1-26) voorgelees word.”

Massa-erediens

- **MASSA-EREDIENS IN DIE AULA.** Die gedagte is gebore aan die begin van 2013, en die geleentheid om so ’n erediens op Pinkstersondag saam met die Pretoria Jeug Filharmoniese orkes te hou, het in ons skoot geval. Ons het besluit om al die gemeentes in Pretoria te nooi en ’n massabyeenkoms te hou met die doel om God te loof en te prys – 500 mense in ’n lofprysingsgeleentheid in die saal van Affies verlede jaar. Hierdie jaar, op 1 Junie, het ’n massa gelowiges die

Aula met hul stemme van lof gevul. Ons het nie almal mekaar se name geken nie, daar was baie vreemde gesigte, maar gou het ons besef hoe baie ons met mekaar gemeen het. Ons deel almal in God se groot verhaal van liefde, genade en deernis. Ons het ook die geleentheid gehad om hierdie liefde verder uit te deel, deur 'n vragmotor met produkte en klere te vul vir die mense in Rustenburg. Watter ongelooflike ervaring! (Die erediens is opgeneem en word op **Sondag 8 Junie om 08:00 oor Radio Pretoria** uitgesaai. Opnames daarvan kan van Radio Pretoria bestel word.)

- *Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is.* Op een van die kragtigste maniere denkbaar het die Kerk op hierdie opdrag van Jesus in Lukas 6: 36 geantwoord. Sondagaand by die Aula is 'n 16-ton-vragmotor volgelaai met kos, toiletware en klere vir die slagoffers van **die staking in die platinumgordel**. Jou gemoed kon nie anders as vol skiet nie by die aanskoue van soveel mense se oop en bereidwillige hande. Verder, vanuit NHKA-gemeentes regoor die land, stroom kos, babadoeke en vele meer in, en daarmee saam talle geldelike skenkings vir die rampfonds. En die heel belangrikste: gebede van gelowiges vir mense wat getref is deur nood. *Soli Deo Gloria!* **Om R20 te skenk, SMS RUST en jou naam na 40156.**

- 'n Videogreep oor die hulpverlening vir die platinumgordel, onder andere by die Aula, is gereed. Gaan na YouTube by **http://youtu.be/UZYsREmdVuQ**. Die videogreep kan in goeie kwaliteit (85 MG) afgelaai word by:
  https://www.dropbox.com/s/rallsjmwdv9sh19/Platinumkrisis%20-20die%20Hervormde%20Kerk%20gee%20om.mp4

- **Gemeente Worcester** benodig kerkbanke. Skakel asseblief met dr Piet van Staden by 083 414 0166 as u kan help.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Energiebesparende gloeilampe is goed en wel, maar as dit die gevaar verhoog vir ouer persone om hulself te beseer omdat hulle nie behoorlik kan sien nie, is dit tog die moeite (en geld!) werd om helder gloeilampe te gebruik. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **PROJEK 21.** *Tooi Turkoois vir Bejaardes* en wys jy gee om! Dra turkooiskleurige klere en doen wat jy kan om mense bewus te maak van bejaardes se nood en behoeftes. Reik uit na die bejaardes in jou eie omgewing. Wees vriendelik, geduldig en eerbiedig wanneer jy met bejaardes in aanraking kom, en leer jou kinders om dieselfde te doen. Vir meer inligting oor die projek, gaan kyk gerus by **www.goturquoise.co.za**.

- **EVALUERING VAN VOORNEMENDE TEOLOGIESTUDENTE.** Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om Teologie te studeer. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **13 Junie 2014.** Die evaluering geskied by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria op **Vrydag 18 Julie 2014**. Aansoekvorms kan aangevra word van die Studentebeampte, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **19-22 Junie: 60-jaar-viering: Gemeente Tzaneen**
  Donderdag 19 Junie: Silwer- en notelegging ten bate van Bybelgenootskap van Suid-Afrika en verspreiding van Bybels
  Kom kyk na grootste Bybelversameling in private besit –
  in kerksaal in Agathastraat
  Donasie vir Bybelverspreiding sal welkom wees
  18:00: Tee en koffie en koek, en liggiestap deur die dorp
  Vrydag 20 Junie om 18.30: Dewald Wasserfall by The Manor Pub & Grill

hv R71(Phalaborwa) en die Lushofpad
Opelugkonsert, piekniekmandjies kan vooraf bestel word,
geen eie drank of koeldrank nie
Kaartjies by gemeentekantoor, Thomas en Swanepoel Prokureurs,
Tzaneen-, Tzaneng- en Van Heerden-apteke
Sondag 22 Junie om 09:00: Dankdiens by die Eiland-vakansieoord
Gemeente- en gesinsdag daarna
Navrae aan gemeentekantoor by 015 307 4508 (08:00-13:00)
of ds Richard van der Westhuizen by 0721447514

- **Sondag 29 Junie om 10:00: Gemeente Weltevreden**
  Emeritaataanvaarding van ds Elsie Pretorius
  Dr Gerhard Lindeque sal akte van emeritaat oorhandig
  en ’n groeteboodskap namens die Kommissie van die AKV oordra

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Junie, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (emeritus) en ds GF (Frikkie) van Wyk (Montana-Oos)
  - Vrydag 6 Junie: Prof APB (Andries) Breytenbach (emeritus), di PS (Petrus) Dreyer (Barberton) en HJ (Herman) Jansen van Rensburg (emeritus)
  - Saterdag 7 Junie: Di LJJ (Leon) Nell (emeritus) en JA (Johnny) Young (Rustenburg-Tuine)
  - Sondag 8 Junie: Ds WJM (Willem) Breytenbach (Hazyview/ Sabie)
  - Maandag 9 Junie: Ds JJ (Kotie) Mc Donald (Turffontein)
  - Donderdag 12 Junie: Ds NCJ (Nico) Brayshaw (Heilbron/emeritus)
  - Vrydag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (Durban-Suid/ emeritus)

’n Gedig vir Pinkstersondag

Gee my net één dag soos toenterjare

Gee my net één dag soos toenterjare,
’n dag vol soetwyn uit Jerusalem,
g’n drome droom – gesigte sien –
’n dag wat van wind en vlamme sing!
Maak van my so ’n nuwe Pinksterling
dat ek die taal waarin ek gebore is,
my eie klank, in elke geelvink en kanarie hoor;
by tortels en by kokkewiet se kind
die ABC van duisend warm woorde vind!

Annette Snyman
(Uit: *Klein rondreis* 1981)

(Pinkstersondag is vanjaar op 8 Junie)

Beplande vergaderings

- Donderdag 5 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 Junie: Kommissie van die AKV
  Ledevergadering van die Kinderhuise
- Dinsdag 10 Junie: OSR Operasionele Komitee
  VTT
- Donderdag 12 Junie: Raad van Finansies

Allegaartjie

Daar is woorde wat weerklink; teen rotswande vas en in klowe af klink: weer en weer en weer. En daar is woorde wat soos klippe in sand val: doef. (Hennie Aucamp)

Kursusse en toerusting

- **VTT in Junie 2014: Net op Dinsdag 10 Junie**
  Tema: *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*
  By Gemeente Pretoria-Oos, koste R200 per persoon
  Kontak mev Betsie Brits by **betsie.brits@up.ac.za**
  / faks 012 420 4303 / tel 012 420 5393

- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening: 8-10 Augustus**
  Hartbeeshoek Natuurreservaat
  Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
  Koste: R600 per persoon (2 nagte, 3 dae) chalet-akkommodasie
  en 5 etes ingesluit
  Kontak di Thinus van Staden (084 589 7035) of Marthinus van Staden
  (+267 7130 7197) vir besprekings en inligting

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Saterdag 7 Junie om 18:00: Gemeente Krugersdorp-Wes**
  Orreluitvoering deur Martin Mans
  Bekende orrelis uit Nederland
  Navrae aan Ebeth de Beer by 011 953 5213 / 076 147 9816

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Witfield: Wenners van boogjagkompetisie**
  Dit was Saterdag 31 Mei die sluiting van die boog- en geweerjagkompetisie
  Op Sondag 1 Junie het die trekking plaasgevind
  Dr Hennie Botes het die trekking waargeneem
  1ste prys: Martie Fourie (kaartjie nommer 0320)
  2de prys: Hannes Robbertse (kaartjie nommer 114)
  3de prys: H Levin (kaartjie nommer 452)
  Baie geluk en baie dankie aan almal wat deelgeneem het!

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
  of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
  by 011 826-4625

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**
  Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies
  Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde
  Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)
  Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in
  Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)
  Verkoopte kaartjies moet die gemeente teen 15 Mei 2015 bereik
  Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

Basaars en markte

- **Saterdag 7 Junie vanaf 08:00: Gemeente Lydenburg: Vleisfees**
  Vleis en biltong, verversings en gebak, vars plaasprodukte
  Speletjies en ander vermaak
  Viljoenstraat, Lydenburg
  Navrae aan ds Willie Botha 082 786 3458 (**wbot@absamail.co.za**)
  of Liesie 013 235 3554 (**naglydenburg@xsinet.co.za**)

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Kom, Skepper-Gees, kom gee u seën
en laat die oes sing in die reën.
Die boom dra vrugte by 'n stroom
en mense pluk 'n nuwe droom.

Kom, Skepper-Gees, versterk geloof –
ons wêreld is vol brand en roof.
Laat ons u vrede oral stig,
'n vlam wat mense kom verlig.

Kom, Skepper-Gees, skenk ons u krag,
vul ons met moed vir elke dag.
Ook wanneer pyn en sorge knaag,
sal ons met ywer werk en waag.

U, Skepper-Gees, kom by ons bly,
dring ons om ons aan God te wy.
Leer U ons om met hoop te sug,
ons oë op ons Heer te rig.

(CJA Vos 2001)

Gesang 433: 1-4
Uit: *Liedboek van die Kerk* 2001

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx